# 'n Matriks vir die meting van die verandering in die invloed van toerisme-ontwikkeling op die bestemming: 'n gevallestudie van die Groter Phalaborwa

E. de Ridder

**Opsomming**

Toerisme is 'n bedryf en 'n sisteem wat tot volhoubare ontwikkeling sal kan lei, mits die beplanning en ontwikkeling daarvan holisties en op die ordentlike toepassing van beplanningsinstrumente en -beginsels geskied. Indien nie, sal die ontwikkeling negatief wees en die einste hulpbronbasis waarop dit gebou is, vernietig. Die ontwikkeling van 'n matriks sal stads- en streekbeplanners help om die ekonomiese, sosiale, kulturele en fisiese invloede van toerisme-ontwikkeling op 'n bestemming oor tyd te bepaal, wat gevolglik riglyne kan bied vir verandering in beplanning en ontwikkeling ten einde volhoubare toerisme-ontwikkeling te verseker. Groter Phalaborwa is as studiegebied gekies, aangesien dit oor 'n omvangryke hulpbronbasis beskik en tans die toerisme-terrein inbeweeg. Dit is gevind dat toerisme reeds 'n belangrike rol as ontwikkelingsagent speel, maar met volhoubare beplanning en ontwikkeling kan dit 'n meer wesentlike invloed hê.

**A MATRIX FOR THE MEASUREMENT OF CHANGE IN THE IMPACT OF TOURISM DEVELOPMENT ON THE DESTINATION: A CASE STUDY OF THE GREATER PHALABORWA**

Tourism is an industry and a system that can lead to sustainable development, if planning and development is done holistically and based on the proper application of planning instruments and principles. If not, development will be negative and destroy the very resource base it relies upon. The development of a matrix may assist town and regional planners in determining the economic, social, cultural and physical impacts of tourism development on the destination over time, thus presenting guidelines for alteration in the planning and development in order to ensure sustainable tourism development. Greater Phalaborwa has been chosen as study area due to its vast resource base and current emergence into the field of tourism. It has been found that tourism currently plays an important role as development agent, but with sustainable planning and development it could have a more substantial impact.

## 1. Inleiding

Toerisme is deesdae 'n besonder gewilde modewoord. Die begrip word gebruik in ontwikkelingsverslae, leningsaansoeke, akademiese navorsing en dit word selfs 'n tema vir films soos The Beach en Breakdown Palace. Toerisme word aangewend deur werkloses met die hoop op werksgeleenthede; entrepreneurs met die begeerte na rykdom en as toorwoord deur regerings om die volk se guns te wen. Die gewildheid van toerisme is egter nie nodeloos nie. Wêreldwyd word toerisme as een van die grootste ekonomiese bedrywe gereken, wat ook die vinnigste groei toon (Foroohar 2002:32).

Toerisme word in Suid-Afrika beskou as een van die belangrikste industrieë wat 'n bydrae tot die verwesentliking van die GEAR-program kan lewer (Redman 1999:62) en daarom moet dit ten volle ontwikkel word. Die regering en Satoer (Anon. 2000:6) het toerisme-ontwikkeling as 'n hoë prioriteit, asook 'n belangrike komponent van die regering se Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsprogram[1] geïdentifiseer.

Enige fisiese ontwikkeling in toerisme word deur 'n mate van beplanning voorafgaan en dit is die aard en intensiteit van hierdie beplanning en daaropvolgende ontwikkeling wat die invloed van toerisme bepaal (Gunn 1994:64). Gevolglik is dit besonder nuttig om 'n matriks daar te stel wat die invloed van toerisme-ontwikkeling op 'n bestemming bepaal, sodat vasgestel kan word of die beplanning en ontwikkeling van die toerismebedryf in 'n bestemming die voordele optimaliseer en die nadele minimaliseer. Om die effektiwiteit van die matriks te bepaal, word dit getoets op Groter Phalaborwa in die Limpopo Provinsie, wat 'n groeiende toerismebestemming is (Norton 1999:3).

## 2. Toerisme

Dit is moeilik om 'n enkele definisie vir toerisme daar te stel, vanweë die multidissiplinêre en interdissiplinêre aard daarvan (Boniface & Cooper 1987:xi). 'n Algemene definisie van toerisme soos vervat in die literatuur deur Burkart & Medlik (1989:41), Jefferson & Lickorish (1991:1), Johnson & Thomas (1992:1), Lumsdon (1992:xi), Mathieson & Wall (1982:1), Pearce (1989:1), Rogers & Slinn (1993:4), Singh *et al.* (1982:1) en Theobald (1994:7) is as volg:

[1] Miskien beter bekend onder die Engelse term, Local Economic Development (LED).

Me. E. de Ridder, M.Sc. (Beplanning), Departement Stads- en Streekbeplanning, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika. E-pos: driddere@sci.uovs.ac.za

"Toerisme is 'n tydelike, korttermyn beweging van mense wat reis na eindbestemmings, buite die plekke waar hulle normaalweg leef en werk. Die reis vind vir enige bepaalde doelwit plaas, byvoorbeeld vakansies, ontspanning, besigheid, konferensies, besoeke aan familie en vriende, studie, navorsing, godsdiens, inkopies en sport. By die bestemming word spesifieke produkte verbruik. Verder behels toerisme die studie van die impak van die toeriste en die toerismeprodukte op die bestemmingsgemeenskap se sosio-kulturele, ekonomiese en fisiese omgewing. Die definisie sluit binnelandse en buitelandse toerisme in, wat beide dagbesoeke en oornagbesoeke behels."

Die toeris word deur Blank (1989:2), Heath (1988:13), Law (1992:4), Saayman & Scanlen (1996:4) en Vrey (1974:7) beskou as 'n tydelike reisiger wat van sy woonplek af reis en dan ten minste een nag by 'n ander bestemming oorbly. Beide besigheidsreis en plesierreis word ingesluit.

Die toerismebedryf kan verder as 'n sisteem beskryf word wat uit 'n vraagkant en aanbodkant bestaan (Gunn 1994:109). Die vraagkant bestaan uit die toeristemark en dit word ook die 'stootkant' van toerisme genoem (Fladmark 1994:ix). Vraag word gediversifiseerd rondom die gedragskenmerke van toeriste, naamlik motiverings, gedrag, houdings, besluite, waardes, beskikbare tyd en koopkrag (Burkart & Medlik 1989:57; Suttcliffe 1981:20). Dit stel gevolglik verskillende vereistes aan die mark en al hierdie elemente kombineer om reisbesluite te beïnvloed (Jefferson & Lickorish 1991:81). Die toeristemark word in twee groepe gedeel, naamlik die besigheids- en rekreasiereismarkte (Johnson & Thomas 1992:74). Die besigheidsreismark sluit al daardie persone in wat weens besigheidsdoeleindes reis om vergaderings, konferensies, konvensies, kongresse, uitstallings, handelskoue, kursusse en seminare by te woon (Law 1992:608). Die rekreasiereismark behels persone wat vir ontspanning of vakansie reis (Bull 1991:2).

Die aanbodkant is die bestemming, die "trekkant" van toerisme, want dit bied die versoeking en verwesentliking vir reis. Na die mening van Blank (1989:8), Bull (1991:2), Coltman (1989:48), Mathieson & Wall (1982:39) en Saayman (1996:14) is 'n bestemming 'n plek (land, streek, stad of gebied) waarna toeriste reis, om daar te oornag en aan verskeie aktiwiteite deel te neem. Volgens Blank (1989:22), Coltman (1989:58), Heath (1987:21, 36), Lea (1988:31-32), Mill & Morrison (1985:201), Rogers & Slinn (1993:5), Saayman & Scanlen (1996:46) en Singh *et al* (1982:2) bestaan elke bestemming uit die volgende elemente:

- *Toeristemagnete.* Dit trek besoekers na 'n gebied en daar word algemeen onderskei tussen twee klasse naamlik natuurlik (geologie, flora en fauna) en kultureel (geboue, monumente en kuns)
- *Suprastruktuur.* Dit voldoen aan die toeris se behoeftes terwyl die toeris weg van die huis af is, soos akkommodasie, voedseldienste, winkels, banke, mediese sentrums en vermaak
- Infrastruktuur en vervoer: Dit is noodsaaklik om te verseker dat die bestemming toeganklik vir die toeris is, soos paaie, spoorvervoer, lughawens, elektrisiteit en riolering. Dit word gewoonlik deur die staat voorsien, as gevolg van die hoë kapitale koste daaraan verbonde en dit bedien ook die plaaslike bevolking
- Gasvryheid: Dit is gemoeid met die wyse waarop dienste aan die toeris gelewer word
- *Bemarking.* Dit stel die aanbodkant aan die vraagkant, naamlik die mark, bekend.

## 3. Toerisme-ontwikkeling en -beplanning

Om toerisme te verstaan is dit nodig om die twee begrippe toerisme-ontwikkeling en -beplanning in perspektief te plaas. Volgens Pearce (1989:15) is dit belangrik dat toerisme-ontwikkeling as beide 'n proses en toestand beskou word. Eerstens val die fokus op toerisme-ontwikkeling as proses, met die klem op die manier hoe verskillende insette toerisme ontwikkel of verander. In hierdie konteks is toerisme-ontwikkeling die voorsiening of verbetering van die toestand van toerisme-infrastruktuur en suprastruktuur deur aan toeriste se behoeftes te voldoen.

Toerisme, in die breër sin is egter ook 'n proses van gemeenskapsontwikkeling, 'n weg waarmee 'n sekere toestand of staat bereik kan word. Dit is in laasgenoemde geval waar die invloed van toerisme op die bestemming belangrik is.

Toerisme-ontwikkeling behoort gelei word deur omsigtige beplanningsbeleid (McIntosh & Goeldner 1990:305), wat nie net op 'n balansstaat van wins en verliese gebou is nie, maar ook op die ideale en beginsels van menslike welsyn en geluk (Bosselman 1978:16). Behoorlike ontwikkeling vereis samewerking vir multidissiplinêre beplanning van al die betrokke sektore, asook die betrokkenheid van die gemeenskap (Coltman 1989:270). Nadat behoeftes bepaal is, kan die nodige middele sinvol aangewend word. Toerisme beplanning moet dus gerig word op die stimulering van die ekonomie, om toeriste-bevrediging te verhoog, om hulpbronne te beskerm, en om die

totale sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap te konsolideer (Jubenville 1976:180).

## 4. Die invloed van toerisme op die bestemming

Toerisme oefen 'n bepaalde invloed op die bestemming en bestemmingsgemeenskap uit. Dit is noodsaaklik dat daar 'n bewustheid gewek moet word rondom die positiewe en negatiewe ekonomiese, sosio-kulture en fisiese invloed van toerisme (Coppock & Duffield 1975:26). Alhoewel die voordele rondom toerisme wyd besing word, veral die voordele rondom die ontwikkelingspotensiaal daarvan is daar ook nadele wat meestal ignoreer word (Lea 1988:4-5). Veral ontwikkelende lande en gebiede is baie sensitief en word diep geraak deur die invloed van toerisme, aangesien die balans tussen die menslike waardes en fisiese veranderlikes besonder fyn is en baie maklik versteur word (Odendal & Schoeman 1990:195).

### 4.1 Ekonomiese invloed

Toerisme word deur 'n bestemmingsgemeenskap beskou in terme van die ekonomiese voordeel wat bied word vanweë toeriste se besteding (McIntoch & Goeldner 1990:272). Butler (1989:578) stel dit verder dat die hedendaagse toeris as 'n ekonomiese verskynsel beskou kan word. Toerisme het sodanige enorme ekonomiese dimensies in sekere dele van die wêreld ingeneem dat die ekonomieë van baie lande nou afhanklik is van toerisme. Van hierdie lande het egter min of geen beheer oor hierdie bedryf wat hul onwikkeling, of gebrek daaraan, bepaal (Blank 1989:3; Dieke 1993:278).

Alhoewel toerisme oor 'n groot potensiaal vir ekonomiese ontwikkeling beskik, is dit nie 'n wonderkuur vir ekonomiese probleme nie (Burkart & Medlik 1975:30). Coppock & Duffield (1975:26) beweer ook dat die voordele en groei in die ekonomie vanweë toerisme-ontwikkeling deur sosiale en kulturele probleme, asook ontwikkelings- en operasionele koste, uitgekanselleer kan word. Die ekonomiese voordele van toerisme moet eerder geoptimaliseer, as wat dit gemaksimeer, word (Goodall & Ashworth 1990:58), betekende dus dat die invloed van toerisme op die ekonomie van 'n bestemming bepaal kan word en dan daarvolgens kan wysigings aan die beleid en praktyk van die bestemming gemaak word op optimalisering te verseker. Globalisering van die ekonomie speel ook 'n belangrike en onvoorspelbare rol.

### 4.2 Sosio-kulturele invloed

Voorheen was die sosio-kulturele invloed van toerisme ignoreer en daar is bloot op ekonomiese voordele konsentreer, maar hierdie benadering het egter in die vroeë 1970s begin verander (Butler 1975:85). Die invloed van toerisme op die sosiale lewe en kulturele struktuur is moeilik om te kwantifiseer, maar daar kan algemene sosiale veranderige dokumenteer word wat as gevolg van toerisme plaasvind (Lea 1988:44). Toerisme het 'n omvattende persoonlike, sosiale, politieke en kulturele invloed op die inheemse bestemmingsgemeenskap (Mansfeld & Gionsar 1994:959). Hierdie invloed van toerisme kan bydra tot veranderinge in waardesisteme, individuele gedrag, gesins- en familieverhoudinge, kollektiewe lewenstyle, morele gedrag, veiligheidsvlakke, kreatiewe uitdrukking, tradisionele seremonies en gemeenskapsorganisasies (Trigg 1995:36). Regerings en plaaslike gemeenskappe moet hierdie proses (van akkulturasie) in ag neem in die beplanning en gevolglike ontwikkling van bestemmings.

Toerisme is 'n medium vir sosiale en kulturele veranderinge, maar dit is egter nie die oorsaak daarvan nie en dit is ook nie die enigste middel tot verandering nie (Coltman 1989:260). Die kragte van globalisering en modernisasie bring veranderinge mee sonder toerisme, maar toerisme versnel die veranderinge (Goodall & Ashworth 1990:61). Toerisme opsigself lei ook na druk vir modernisasie in ontwikkelende lande, sonder die industriële fase van ontwikkeleling wat in Europa en Noord-Amerika plaasgevind het (Lea 1988:51).

### 4.3 Fisiese invloed

Dit word nou algemeen aanvaar dat die mens sy omgewing met groter respek moet behandel as wat in die verlede die geval was (Mathieson & Wall 1982:93). Beide die natuurlike en kulturele omgewing is vandag 'n sensitiewe kwessie in toerisme en gevolglik word die voordele en verliese teen mekaar opgeweeg, wat van belang is vir beide die voortbestaan van die omgewing en die toerismebedryf wat daarop staatmaak (Page 1994:145; Trigg 1995:36). Met die groeiende publieke bewustheid van ekologiese en omgewingsbewaringskwessies, het dit noodsaaklik geword dat toerismebeplanners en -ontwikkelaars ook deeglike kennis daarvan dra en gevolglik in hul werk insluit (Fladmark 1994:18; Saayman 1996:48).

## 5. Matriks vir die meting van die invloed van toerisme-ontwikkeling op die bestemming

Uit die voorafgaande bespreking is dit dus duidelik dat daar 'n behoefte bestaan om 'n metode te vind wat die verandering in invloed van toerisme op 'n bestemming aantoon. Sodanige invloed sal dus oor 'n sekere periode plaasvind. Gevolglik word 'n matriks voorgestel wat die verandering in die invloed op 'n bestemming sal help illustreer. Volgens Fuggle en Rabie (1992:767) is matrikse een van die instrumente wat die meeste benut word in onder andere omgewingsevaluering, want hierdie metode van evaluering is ontwerp om denke te stimuleer aangaande moontlike




Figure 1: Phalaborwa ten opsigte van die Nasionale Kruger Wildtuin en vervoernodes (Phalaborwa Tourism 2000:2).





Figure 2: Studiegebied (De Ridder 2000:129).

gevolge van spesifieke aksies en om sodoende volledigheid en presisie in die analise te verseker. Verder is die matriks 'n eenvoudige metode van evaluering en vereis nie uitgebreide materiaal en menslike hulpbronne nie. 'n Matriks word beskou as 'n reeks numeriese voorstellings van inligting wat 'n kompaktheid van die inligting toelaat (Field & MacGregor 1987:216).

Daar word van 'n figuurskaal (sien *Tabel 1*)[2] gebruik gemaak wat aandui hoe die invloed van toerisme op die bestemming op bepaalde gemete tydperke daar uitsien. Die invloed van toerisme op die bestemming word dus teenoor bepaalde tydstippe aangetoon. Vanuit die figuurskaal word daar dan van 'n numeriese[3] skaal gebruik gemaak om die verandering aan te toon ten opsigte van die invloed vanaf die 1999-meting tot die 2002-meting. Vanuit die matriks sal dit dus duidelik word op watter gebiede groot veranderings plaasgevind het en watter gebiede dan aandag benodig, waar stads- en streekbeplanners die beleid en ontwikkeling van toerisme by die bestemming sodanig kan wysig om optimale en volhoubare toerisme te verseker. Mathieson & Wall se boek *Tourism: economic, physical and social impact* (1982) is as basis gebruik vir die bepaling van die verskillende tipes invloedsentitei-

2 Die figuur √√ dui op 'n baie positiewe invloed; √ dui op 'n positiewe invloed; 0 dui op geen merkbare invloed nie; - dui op 'n negatiewe invloed; en – dui op 'n groot negatiewe invloed.

3 Die numeriese toekenning -2 dui op 'n groot negatiewe verandering; -1 dui op 'n geringe negatiewe verandering, 0 dui op geen verandering, 1 dui op 'n geringe positiewe verandering; en 2 dui 'n groot positiewe verandering aan.

4 Hierdie studie is 'n uitbreiding van inligting wat ingesamel en analiseer is vir 'n Meestersgraadverhandeling "'n Beplanningsondersoek na die rol van toerisme as ontwikkelingsagent in die Regsgebied van Phalaborwa Oorgangsraad in die Noordelike Provinsie" wat 'n deelnemende observasiestudie was wat toerisme-ontwikkeling in 1999 evalueer het, aan die hand van die invloed wat dit het op die ekonomiese,

te, asook die beskrywing en meeting daarvan.

Om te verseker dat die daarstel van 'n matriks vir die meting van die invloed van toerisme-ontwikkeling nie bloot akademies of vaag en 'n veralgemening is nie, word dit aan die praktyk blootgestel. Sodoende is dit in Groter Phalaborwa, in die Limpopo Provinsie, getoets[4].

## 6. Toerisme in Groter Phalaborwa

Groter Phalaborwa is geleë in die noordelike gedeelte van die Laeveld in die Limpopo Provinsie (*Figuur 1*). Die gebied wat die nedersettings Heanertsburg, Tzaneen, Giyani, Gravelotte, Phalaborwa, Mica, Hoedspruit en Bosbokrand insluit, word die 'Vallei van die Olifants' genoem vanweë die feit dat dit die opvanggebied van die Olifantsrivier rofweg verteenwoordig. Die gebied wat as Groter Phalaborwa bekend staan, bestaan uit die gebiede van die drie formele dorpe van Phalaborwa, Namakgale en Lulekani; die sewe landelike woongebiede van Makhushane, Mashishimale, Matiko-Xikaya, Ben, Maseki, Vuyelani en Humulani; en die drie kleinhoewe-gebiede van Silonque, Schalk en Grietjie (*Figuur 2* toon die studiegebied). Phalaborwa is die grootste en mees ontwikkelde dorp in die gebied, dien as sentrale toerismesentrum vir Groter Phalaborwa en is baie strategies geleë in die Laeveld, asook op die moontlike pad deur die Nasionale Krugerwildtuin na Mosambiek (De Ridder 2000:126).

Die sterkpunte[5] van Groter Phalaborwa, in terme van toerisme, is die feit dat dit teen die Nasionale Krugerwildtuin geleë is en daar verder ook talle wildsplase rondom Groter Phalaborwa voorkom. Die Olifantsrivier bied rivieroorde en die vlotvaart. Die oopgroefmyn van Palabora Mining Company se 'gat' is die een element wat Groter Phalaborwa meer uniek maak as die omliggende bosveldgebiede en dit is 'n definitiewe hoogtepunt in enige toeris se besoek. Die golfbaan by Hans Merensky Estate is 'n verdere toeristemagneet. Weens die gunstige ligging word Groter Phalaborwa benut as wegspringplek vir dagtoere na die Laeveld, Platorand en die res van die 'Vallei van die Olifants'.

Die swakpunte, wat in die 1999 en 2002 studies uitgewys is, is die feit dat die meeste attraksies nie aan toerisme-fasiliteite behoort nie, maar aan die myne behoort of in openbare besit is. Hierdie instansies het óf nie belang by toerisme-ontwikkeling nie óf nie befondsing daarvoor beskikbaar nie. Daar is ook 'n tekort aan samehorigheid in die toerismebedryf en die toerismeverenigings word nie na wense ondersteun nie. Verder staar die toerismebedryf hulle vas in ekotoerisme en word alternatiewe markte soos industriële toerisme nie ondersoek nie. Hulle sien ook die mynboubedryf as 'n las en nie as 'n unieke geleentheid nie. Verder is mense betrokke in die toerismebedryf, meestal nie daarvoor opgelei nie en gevolglik laat gasvryheid veel te wense oor.

Dit kan gevolglik afgelei word dat die sterkpunte van Groter Phalaborwa, tesame met die groeiende erkenning onder die gemeenskap van Groter Phalaborwa, bied legio geleenthede vir die verdere groei en ontwikkeling van die toerismebedryf. Die potensiaal vir toerisme in Groter Phalaborwa sal verwesentlik word indien daar daadwerklike oplossings vir die swakpunte gevind word en doelgerig aangespreek word. Gevolglik kan die voorgestelde matriks vir die meting van die invloed van toerisme-ontwikkeling in Groter Phalaborwa 'n handige beplanningsinstrument wees om die pad na optimale ontwikkeling van toerisme te fasiliteer.

## 7. Matriks vir die meting van die invloed van toerisme-ontwikkeling in Groter Phalaborwa

Gegrond op die 1999-studie en die inligting wat in die Junie 2002 besoek ingesamel is word daar gevolglik 'n matriks vir die meting van die invloed van toerisme-ontwikkeling in Groter Phalaborwa in *Tabel 1* voorgestel. Vanuit die matriks kan die volgende gevolgtrekkings rondom die toerismebedryf in Groter Phalaborwa gemaak word:

- Die ekonomiese voordele is tans positief, maar nadelige ekonomiese, sosio-kulturele en fisiese invloede begin na vore tree.
- 'n Positiewe ekonomiese invloed is die feit dat buitelandse valuta verhoog het as gevolg van die toename in internasionale toeriste en die verswakkende rand
- Entrepreneurskap het ook toegeneem namate meer mense in die bestemming hulle tot die toerismebedryf wend
- 'n Ekonomiese vraagstuk wat aandag moet geniet is die verskynsel dat die toerismebedryf in Phalaborwa in die hande van blanke entrepreneurs gesetel is, wat elders werksaam is of was, en oorbeweeg het na die toerismebedryf
- Die inheemse en agtergeblewe gemeenskappe word bloot op 'n geringe wyse bevoordeel deur die toeristespandering en werksgeleenthede
- Groter Phalaborwa word

sosio-kulturele en fisiese aspekte van die bestemming. In Junie 2002 is die entiteite waarvoor die invloed in die 1999-studie bepaal is herevalueer om die verandering in die toerisme-ontwikkeling vas te stel. Deelnamende observasiestudie is aangevul deur informele onderhoude met rolspelers.

[5] Soos aangedui in die 1999-studie en na aanleiding van informele onderhoude met rolspelers in die toerismebedryf van Groter Phalaborwa gedurende die Junie 2002 besoek.

Table 1: 'n Matriks vir die meting van verandering in die invloed van toerisme-ontwikkeling in Groter Phalaborwa (1992-2002).

| INVLOED[6] | TYDPERK[7] | | VERANDERING[8] |
|---|---|---|---|
| | 1999 | 2002 | |
| **EKONOMIESE VOORDELE** | | | |
| Verskaffers van inkomste | √[i] | √[ii] | 0 |
| Skepping van werksgeleenthede | √[iii] | √[iv] | 0 |
| Vermenigvuldiger-effek | 0[v] | -[vi] | -1 |
| Uitvoere en buitelandse valuta | 0[vii] | √[viii] | +1 |
| Entrepreneurskap | √[ix] | √√[x] | +1 |
| Genereer belastinginkomste | √[xi] | √[xii] | 0 |
| Strukturele verandering | 0[xiii] | 0[xiv] | 0 |
| **EKONOMIESE KOSTE** | | | |
| Investeringskoste | - -[xv] | -[xvi] | +1 |
| Bemarking | -[xvii] | -[xviii] | 0 |
| Infrastruktuur | - -[xix] | - -[xx] | 0 |
| Inflasie | -[xxi] | - -[xxii] | -1 |
| Ekonomiese oorafhanklikheid | -[xxiii] | -[xxiv] | 0 |
| Omvangryke lekkasie van geld | -[xxv] | - -[xxvi] | -1 |
| Seisoenaliteit | 0[xxvii] | -[xxviii] | -1 |
| Arbeidskoste | -[xxix] | -[xxx] | 0 |
| **SOSIALE INVLOED** | | | |
| Morele gedrag | 0[xxxi] | -[xxxii] | -1 |
| Gesondheid | 0[xxxiii] | -[xxxiv] | -1 |
| Familiestruktuur | -[xxxv] | -[xxxvi] | 0 |
| Migrasie | 0[xxxvii] | -[xxxviii] | -1 |
| **KULTURELE INVLOED** | | | |
| Interkulturele kommunikasie | - -[xxxix] | -[xl] | +1 |
| Kommersialisasie van kultuur | 0[xli] | -[xlii] | -1 |
| Kulturele Renaissance | 0[xliii] | √[xliv] | +1 |
| 'Menslike dieretuine' | 0[xlv] | - -[xlvi] | -2 |
| Religie | 0[xlvii] | 0[xlviii] | 0 |
| Taal | -[xlix] | -[l] | 0 |
| Voedsel | 0[li] | √[lii] | +1 |
| Drag en gedrag | 0[liii] | 0[liv] | 0 |
| **FISIESE INVLOED** | | | |
| Plantegroei | 0[lv] | 0[lvi] | 0 |
| Dierelewe | -[lvii] | √[lviii] | +2 |
| Geologie & grond | 0[lix] | 0[lx] | 0 |
| Waterkwaliteit | 0[lxi] | -[lxii] | -1 |
| Lug | 0[lxiii] | 0[lxiv] | 0 |
| Geraas | 0[lxv] | 0[lxvi] | 0 |
| Kulturele omgewing | -[lxvii] | √[lxviii] | +2 |

toenemend blootgestel aan die eise en invloed van globalisering en massamedia. Vanweë die aankoop van toerisme-akkommodasiefasiliteite deur internasionale entrepreneurs het dit tot inflasie in die eiendomsmark gelei, asook 'n omvangryke lekkasie van geld

- Die verhoogde gevaar van malaria en die uitermatige temperature het 'n definitiewe toerisme-seisoen na vore laat tree, die duur waarvan nadelig vir die bedryf se werkers en finansiële haalbaarheid is
- Wat sosiale invloede betref is die morele gedrag en gesondheid van die gemeenskap nadelig beïnvloed deur die toename in toerisme, asook die gepaardgaande toename in kontak met die plaaslike gemeenskap. Dit vind plaas as gevolg van die demonstrasie-effek waar die plaaslike gemeenskap die gedrag en kleredrag van toeriste begin navolg
- Migrasie van toerismewerkers vind plaas na groter toerisme-sentra, nadat hulle in Groter Phalaborwa basiese opleiding ontvang het
- Die daarstel van die toerisme-sentrum in Phalaborwa het gelei tot verhoogde interkulturele kommunikasie, asook 'n kulturele Renaissance in die kultuuritems wat te koop aangebied word en inheemse

6 Die eindnote bied 'n beskrywing van die situasie soos waargeneem in die Groter Phalaborwa, met die 1999-studie en die 2002-studie.

7 Die figuur √√ dui op 'n baie positiewe invloed; √ dui op 'n positiewe invloed; 0 dui op geen merkbare invloed nie; - dui op 'n negatiewe invloed; en – dui op 'n groot negatiewe invloed.

8 Die numeriese toekenning -2 dui op 'n groot negatiewe verandering; -1 dui op 'n geringe negatiewe verandering; 0 dui geen verandering aan; 1 dui op 'n geringe positiewe verandering; en 2 dui op 'n groot positiewe verandering.

voedsel wat aan toeriste voorgesit word. Die nadeel is egter dat alhoewel die daar 'n herlewing in die maak van die kultuuritems plaasgevind het, dit ook lei na die kommersialisasie van die kultuur. Die toe name in landelike toere stel die plaaslike bevolking as 'n vreemde kultuur voor waarna toeriste moet ry om hulle aan te gaap en foto's te neem, wat direk tot gevolg het dat die situasie in 'n 'menslike dieretuin' ontaard

- Vanweë ekotoerisme is daar 'n verhoogde belangstelling in die bewaring van die fisiese en kulturele omgewing, wat baie positief is.

Daar kan dus afgelei word uit die matriks en bogenoemde gevolgtrekking dat toerisme in Groter Phalaborwa nog nie op 'n optimale vlak van ontwikkeling en beplanning is nie. Die eerste stap vir die optimalisering van toerisme in Groter Phalaborwa is navorsing. Navorsing speel 'n sleutelrol in die bepaling van die mark vir wie daar voorsien moet word, asook in die identifisering van die hulpbronne wat tot toerisme-aanbod ontwikkel kan word. Daar word voorgestel dat dit deur toerismekenners gedoen kan word wat deur die plaaslike regering aangestel word.

'n Verdere belangrike taak wat Groter Phalaborwa se toerismebedryf in die gesig staar is die verbreding van die voordele van toerisme na die landelike en voorheen benadeelde gemeenskappe. Alleenlik as hierdie gemeenskappe by toerisme baat vind en daarby betrek word, sal toerisme-ontwikkeling suksesvol kan wees.

## 8. Gevolgtrekking

Op die vraag of toerisme 'n rol speel in ontwikkeling in Groter Phalaborwa is die antwoord kortliks positief, maar dit kan 'n veel groter rol speel as dit deeglik beplan word met volhoubare ontwikkeling as mikpunt. Die idees is daar, die vermoë om dit te verwesentlik, asook die behoefte. Die matriks kan dus met sukses die entiteite uitwys wat 'n negatiewe invloed op toerisme het en waaraan dus aandag geskenk moet word in die toekomstige beplanning en ontwikkeling van Groter Phalaborwa as toerismebestemming. Die voordeel van die matriks is dat dit redelik vinnig, effektief en sonder komplekse statistiese inligting bepaal kan word, wat ideaal is vir ontwikkelende lande en bestemmings.

Die nadeel van die matriks is dat dit op waardeoordeel en die kennis van die ondersoeker gebaseer is, wat minder akuraat en objektief as in die geval van gekwantifiseerde metodes is. Die feit is egter dat die matriks, wat op deelnemende observasiestudie gegrond is, beter is as die huidige situasie waar 'n tekort aan statistiek, inligting, geld en tyd as redes aangevoer word waarom daar min invloedsbepalings van toerisme in Suid-Afrika gedoen word, wat dus die beginsels van volhoubare ontwikkeling belemmer.

### Bronnelys


ANON. 2000. Africa tourism gives jobs to 16m people. *Governance Forum Local Governmental Newspaper*, March 24, 3(56):6t.

BLANK, U. 1989. *The community tourism industry imperative: the necessity, the opportunity, its potencial.* State College, Pennsylvania: Venture Publishing..

BONIFACE, B.G. & C.P. COOPER, 1987. *The geography of travel and tourism.* Chinchester: Richard Clay.

BOSSELMAN, F.P. 1978. *In the wake of the tourist: managing special places in eight countries.* Washington, D.C.: The Conservation Foundation.

BULL, A. 1991. *The economic of travel and tourism.* Melbourne: Pitman.

BURKART, A.J. & S. MEDLIK. 1975. *The management of tourism: a selection of readings.* London: Heinemann.

BUTLER, R.W. 1975. *Tourism as a factor in national and regional development.* Peterborough: Trent University.

BUTLER, R.W. 1989. *Understanding leisure and recreation: mapping the past, charting the future.* State College, PA: Venture.

COLTMAN, M.M. 1989. *Introduction to travel and tourism: an international appoach.* New York: Van Nostrand Reinhold.

COPPOCK, J.T. & B.S. DUFFIELD. 1975. *Recreation in the countryside: a spatial analysis.* London: Macmillan Press.

DE RIDDER, E. 2000. *'n Beplanningsondersoek na die rol van toerisme as ontwikkelingsagent in die regsgebied van Phalaborwa Oorgangsraad in die Noordelike Provinsie.* PU vir CHO: Potchefstroom. (Verhandeling - M. Art et Scien (Bepl.)).

DIEKE, P.U.C. 1993. Tourism in the Gambia: some issues in development policy (part of a special issue on Islands and small states: issues and policies). *World Development*, Febr. (21):277-289.

FIELD, B.G. & B.D. MACGREGOR. 1987. *Forecasting Tecniques for Urban and Regional Planning.* London: UCL.

FLADMARK, J.M. (ed.) 1994. *Cultural tourism: papers presented at the Robert Gordon University.* Aberdeen: The Robert Gordon University.

FOROOHAR, R. 2002. Getting off the beaten track. *Newsweek*, July 22/ July 29, CXL(4):30-34.

FUGGLE, R.F. & M.A. RABIE. 1992. *Environmental management in South Africa.* Kenwyn: Juta.

GOODALL, B. & G. ASHWORTH. (ed.). 1990. *Marketing in the tourism industry: the promotion of destination regions*. London: Routledge.

GUNN, C.A. 1994. *Tourism Planning: basics, concepts, cases.* Washington, D.C.: Taylor & Francis.

HEATH, E.T. 1987. *The need for and the development of a strategic marketing planning framework for regional tourism in South Africa.* Port Elizabeth: UPE. (D.Comm. Thesis).

HEATH, E.T. 1988. *The nature and extend of regional tourism marketing and planning in South Africa: Research report no. 30.* Port Elizabeth: Institute for planning research, UPE.

JEFFERSON, A. & L. LICKORISH. 1991. *Marketing tourism: a practical guide.* Essex: Longman.

JOHNSON, P. & B. THOMAS. 1992. *Choice and demand in tourism.* New York: Mansell.

JUBENVILLE, A. 1976. *Outdoor recreation planning.* Philadelphia: W. B. Saunders.

LAW, C.M. 1992. Urban tourism and its contribution to economic regeneration. *Urban Studies*, May, 29(314):599-618.

LEA, J.P. 1988. *Tourism and development in the Third World.* London: Routhledge.

LUMSDON, L. 1992. *Marketing for tourism: case study assignments.* London: MacMillan.

MANSFELD, Y. & O. GINOSAR. 1994. Evaluation of the repertory grid method in studies of locals' attitude towards tourism development processes. *Environment and Planning A*, June, (26):957-972.

MATHIESON, A. & G. WALL. 1982. *Tourism: economic, physical and social impacts.* Essex: Longman.

McINTOSH, R.W. & C.R. GOELDNER. 1990. *Tourism: principles, practices, philosophies.* New York: John Wiley & Sons.

MILL, R.S. & A.M. MORRISON. 1985. *The tourism system: an introductory text.* New Jersey: Prentice-Hall.

NORTON. P. 1999. Identification and scoping of tourism projects for the Phalaborwa SDI: final report. Ongepubliseerd.

ODENDAL, A. & G. SCHOEMAN. 1990. Tourism and rural development in Maputaland: a case-study of the Kosi Bay area. *Developement Southern Africa*, May, 7(2):195-207.

PAGE, S. 1994. *Transport for tourism.* London: Routledge.

PEARCE, D.G. 1989. *Tourist development.* Essex: Longman Scientific & Technical.

PHALABORWA TOURISM. 2000. *iTourism 2000* (toeriste inligtingsbrosjure). Phalaborwa: Phalaborwa Tourism.

REDMAN, C. 1999. In Gear for growth. *Time*, May 24, 153(20):58-65.

ROGERS, H.A. & SLINN. 1993. *Tourism: manegement of facilities.* London: Pitman.

SAAYMAN, M. 1996. *Op pad met toerisme.* Potchefstroom: Leisure consultants and publications.

SAAYMAN, M. & M. SCANLEN. 1996. *Die ekonomiese impak van buitelandse toerisme op die Suid-Afrikaanse ekonomie.* Potchefstroom: Instituut vir toerisme en vryetydstudies, Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

SINGH, T.V., J. KAUR. & D.P. SINGH. (ed.). 1982. *Studies in tourism, wildlife parks & conservation.* New Delhi: Metropolitan.

SUTCLIFFE, M.O. 1981. *A behavioural study of recreation in the Natal Drakensberg.* Pietermaritzburg: The Natal town and regional planning commission.

THEOBALD, W.F. (ed.). 1994. *Global tourism: the next decade.* Oxford: Butterworth-Heinemann.

TRIGG, P. (ed.). 1995. *Leisure and tourism GNVQ: intermediate textbook.* Oxford: Butterworth - Heinemann.

VREY, W.J.H. 1974. *Aspekte van die ontginning van die toerismepotensiaal van 'n subnasionale gebied.* Bloemfontein: UOVS.

*Eindnote*

i Toeriste verskaf belangrike inkomste vir die akkommodasie-fasiliteite, lugredery, busdienste, restaurante, vulstasies en ander handelsfunksies. Veral die akkommodasie-fasiliteite is totaal van toeriste vir hul inkomste afhanklik. Toerismewelvaart versprei nie altyd na die landelike gebiede toe nie.

ii Die nuwe toerismesentrum verhoog die produkbasis wat toeriste langer in Groter Phalaborwa kan besig hou, bemarking word deur die toerismebeen van die sakekamer hanteer en die inkomste uit toerisme het gevolglik verhoog. Persone vanuit die landelike gebiede kry die geleentheid om by die toerismesentrum hul handwerk en voedsel te verkoop en deur danse en kore 'n fooi te verdien, hulle is egter nie direkte produk-eienaars nie.

iii Toerisme is 'n belangrike werkgewer vir die ongeskoolde jeugmark en vroulike swart dienswerkers in Groter Phalaborwa. Baie van die gastehuise en bed-en-ontbytfasiliteite word besit deur mense wat reeds 'n voltydse werk het en wie se tweede inkomste die toerisme-fasiliteit is. Oor die algemeen is slegs 'n geringe persentasie van die werkers opgelei vir die toerismebedryf. Die dominante werksgeleenthede is direkte werksgeleenthede, want die toerismebedryf is nog nie ontwikkel om 'n omvangryke bydrae te lewer tot indirekte en geïndustrialiseerde werksgeleenthede nie. Die werkers beskou toerisme as 'n beweegpunt na 'n beter werk en nie as hul langtermyndoelwit nie.

iv Die basis en opleidingsvlakke van die toerismewerkers in Groter Phalaborwa is nog dieselfde as in 1999, maar die werkgewers het verander na Amerikaanse, Ierse en Hollandse

maatskappy wat op groot skaal besig is om van die groter akkommodasieplekke op te koop, wat gevolglik as afwesige eienaars beskou kan word.

v Toerisme speel wel 'n rol in die vermenigvuldiger-effek, maar dit is moeilik om vas te stel. Die meeste van die produkte wat aangekoop word, word by kettingwinkels aangekoop met die hoofkantore in Gauteng en die inkomste is dus 'n lekkasie vir Groter Phalaborwa, maar 'n aanwins vir Gauteng. Verder word die meeste produkte die land ingevoer, wat weer 'n lekkasie na oorsee is. Die betaal van salarisse aan swart dienswerkers lewer die grootste bydrae tot die vermenigvuldiger-effek, want hierdie geld word op landbouprodukte en dienste spandeer wat meestal in Groter Phalaborwa vervaardig word.

vi Vanweë die feit dat buitelandse eienaars die groter akkommodasiefasiliteite aangekoop het, gaan die grootste gedeelte van die inkomste uit Groter Phalaborwa uit. Die werkers se salarisse word wel gedeeltelik binne die gebied spandeer, maar ongelukkig steeds op kettingwinkels. Plaaslike eienaars van byvoorbeeld apteke, petrolstasies en verwante besighede is nog totaal onbewus van die voordeel wat hulle direk en indirek uit toerisme ontvang.

vii Baie besigheidstoeriste is van Gauteng, Australië en die Verenigde Koningkryk afkomstig en die rekreasietoeriste vanuit die hele Suid-Afrika, Nederland, België, Duitsland en Italië.

viii Die voordeel wat die aankoop van die groter akkommodasieplekke deur internasionale maatskappye behels is dat dit meer internasioanel toeriste na die gebied sal trek, wat gevolglik meer buitelandse valuta binne die gemeenskap in omloop sal bring.

ix Phalaborwa Oorgangraad beskou dit as die plig van die privaatsektor om aan die behoeftes van toeriste te voldoen. Gevolglik bied dit wonderlike geleenthede vir entrepreneurs op die gebied van aandenkings, akkommodasie, ens. Daar is geen swart entrepreneurs direk by toerisme betrokke nie.

x Entrepreneurs, vanuit alle oorde – internasionaal en plaaslike, swart en blank, landelik en stedelik – tree toenemend tot die toerismebedryf toe.

xi Die gastehuise en bed-en-ontbytfasiliteite verloor die belastingkorting wat op woonhuise gebied word, sodra hulle besigheid begin doen. Die eiendomsbelasting op besighede op plaasgrond, hotelle en lodges, asook handelslisensiegelde, is belangrike bydraes tot die inkomste van Phalaborwa Oorgangsraad.

xii Die BaPhalaborwa Munisipaliteit het die wetgewing as sodanig verander sodat alle akkommodasieplekke moet hersoneer en die nodige permitte verkry, wat gevolglik die belastinginkomste verhoog.

xiii Mynbou oorheers die ekonomie en werksgeleenthede in Groter Phalaborwa, maar die grootste myn PMC gaan in 2024 sluit. Groter Phalaborwa het dus ongeveer 20 jaar om te verseker dat toerisme, asook ander ekonomiese sektore, as sodanig groei dat dit die leemte wat deur die mynbou gelaat word kan vul.

xiv PMC het hul buiteklub (tans bekend as Hans Merensky Estate) aan 'n Ierse groep verkoop, wat tot die verbetering van fasiliteit gelei het. Die myne toon geen belangstelling om tot die strukturele verandering van die plaaslike ekonomie toe te tree nie. Toerisme is nog grootendeels afhanklik van besigheidstoeriste wat die myne en aanverwante nywerhede besoek, maar daar is wel 'n toename in die internasionele en plaaslike rekreasiereismark.

xv Die toerismebedryf self beskik nie oor die investeringskrag om grootskaalse ontwikkeling te laat plaasvind nie en gevolglik sal investering van buite die gebied gemaak moet word om groot ontwikkelings te laat plaasvind. Hierdie investering sal egter beteken dat die wins na die oorsprong terugneem word tot uiteindelike nadeel van die gemeenskap.

xvi Die geld vir die bou van die toerismesentrum was 'n skenking vanuit die nasionale regering se plaaslike ekonomiese ontwikkelingsfonds. BaPhalaborwa Munisipaliteit is verantwoordelik vir die bestuur en instandhouding daarvan.

xvii Tans is bemarking 'n besondere groot uitgawe vir die toerismebedryf en selfs Phalaborwa Oorgangsraad. Daar is nog geen bewyse dat hierdie omvangryke bemarking, veral gerig op die rekreasiereismark, die uitgawes regverdig nie. Daar vind nie markgerigte bemarking plaas nie en aansienlike hoeveelhede geld op bemarkingsveldtogte word bestee.

xviii Buiten die toerisme-indaba wat deur die Phalaborwa Sakekamer gereël is en uit skenkings befonds is, word daar geen geïntegreerde en markgerigte bemarking gedoen nie.

xix Die infrastruktuur van Groter Phalaborwa kan wel bepaalde uitbreiding hanteer, maar dit word oud en opgraderings sal gemaak moet word. Verder is daar geen infrastruktuur in die toerismekorridor nie en dit sal verskaf moet word ten koste van die lewer van basiese dienste, binne die beperkte begroting. Toenemende hoeveelhede toeriste sal in die toekoms 'n groot druk plaas op die parkering van Groter Phalaborwa, as hulle die handelsentrums en die attraksies besoek. Vanweë die uitleg van die sakesentrums van Phalaborwa, Namakgale en Lulekani is daar nie reserve gebied beskikbaar vir parkering nie en is daar reeds parkeertekorte. Verder is die paaie nie vir druk verkeer gebou nie en daar sal ook probleme ondervind word.

xx Die daarstel van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan deur die BaPhalaborwa Munisipaliteit het baie toerismeplanne en verwante projekte in ag geneem. Daar is wel 'n vergadering belê aangaande die posisie van die sentrale sakekern van Phalaborwa wat gekenmerk word deur leë winkels en kantore, parkeringtekorte en smouse, maar geen definitiewe planne is daargestel nie.

xxi Die bevolking het reeds 'n westerse vraag na produkte, dit is dus onwaarskynlik dat die handelsektor sterk onder inflasie sal lei. Die koste van rekreasie-fasiliteite soos die Nasionale Krugerwildtuin en restaurante het egter klaar sterk inflasie getoon, wat dit onmoontlik vir die grootste persentasie van die plaaslike bevolking maak om voordeel daaruit te trek. Die tekort aan beboubare grond, woonhuise en besigheidserwe het ook alreeds na 'n radikale styging in grondpryse gelei. Die erwe wat nog beskikbaar is, veral in die toerisme-korridor, is in privaatbesit en te koop teen R800 per vierkante meter. Gevolglik is dit buite die prysklas wat die plaaslike inwoners kan bekostig.

xxii Die Nasionale Krugerwildtuin het 'n spesiale permit (Impalapermit) ingestel waar persone dit teen 'n vaste tarief per jaar kan aankoop en dan vir die jaarperiode gratis toegang tot die hekke van die wildtuin geniet. Die restaurante en winkels van die wildtuin het privatiseer en het tot markverwante prysstabilisering gelei. Grondpryse is steeds besonder hoog in Phalaborwa en in die landelike gebiede behoort die grond aan die stamowerhede. Die aankoop van grond en bestaande fasiliteite deur buitelandse maatskappy het tot verdere inflasie in grondpryse gelei.

xxiii Die toerismebedryf in Groter Phalaborwa koester die ideaal om die gebied vanaf 'n myngebied na 'n dominant toerismebestemming te transformeer. Dit mag egter teenproduktief wees, want gegewe die fluktuasies in die ekonomies, politieke onstabiliteit, misdaad en die feit dat post-apartheid Suid-Afrika nie meer die 'bestemming van die dag' is nie, is toerisme 'n besonder onstabiele ekonomiese bedryf.

xxiv Daar word steeds gehoop om Groter Phalaborwa in 'n uitsluitelik toerismebestemming te ontwikkel en geen kommer word getoon teen die moontlike probleme rondom ekonomiese oorafhanklikheid nie.

xxv Omrede baie produkte ingevoer word en daar ook van eksterne werknemers gebruik gemaak word, is daar inderdaad 'n omvangryke lekkasie van geld wat deur toeriste spandeer word. Dit is egter 'n teken van globalisering en nie 'n tipiese probleem verbonde aan toerisme nie.

xxvi Buiten buitelandse werknemers is die groter fasiliteite nou in die hande van

buitelandse eienaars, wat tot lekkasies van geld lei. Geen poging word aangewend om plaaslike produkte te ontwikkel en gebruik nie.

xxvii Die toerismeseisoen heers dwarsdeur die jaar, met 'n piektyd gedurende Augustus en 'n laagtepunt gedurende Desembermaand. Die laagtepunt word veroorsaak deur die feit dat die dominante besigheidsreismark nie dan funksioneer nie, vanweë die somervakansie, omdat dit uitermatig warm is en daar 'n groot malariagevaar heers.

xxviii Verhoogde voorvalle van malaria het veroorsaak dat Groter Phalaborwa baie ongunstig as somerbestemming geword het en definitiewe toeristeseisoene begin na vore tree.

xxiv Die meeste werkers in Groter Phalaborwa se toerismebedryf is ongeskoold, swart, vroulik, jeugdig en tydelik. Hulle maak dus self nie 'n groot bydrae ten opsigte van spandering en belasting nie. Daar is professionele mense wat hul beroepe agterweë gelaat het om die toerismebedryf te betree en dit veroorsaak 'n verkwisting van die belasting wat benut is om hulle op te lei.

xxx Direkte arbeidskoste vir laevlakwerk bly laag, omdat plaaslike, ongeskoolde arbeid benut word. Op bestuursvlak word arbeid meestal ingevoer, wat die direkte arbeidskoste verplaas. Phalaborwa Kollege het 'n kursus in toerisme en gasvryheid vanaf Januarie 2002 ingestel wat besonder gewild is.

xxxi Op hierdie stadium speel toerisme nie 'n wesentlike rol in die verandering van morele standaarde van Groter Phalaborwa nie. Daar is reeds 'n geringe mate van misdaad, dobbel en prostitusie, maar dis nie aan toerisme toe te skryf nie.

xxxii Misdaad en prostitusie het sterk toegeneem, waarvan toeriste toenemend beide die teiken en oorsaak is.

xxxiii Toerisme het huidiglik geen ernstige effek op gesondheid nie, alhoewel die verspreiding van siektes soos MIV/vigs deur toeriste aandag moet geniet. Toeriste word slagoffers van sonbrand, hitteuitputting en malaria.

xxxiv Die malariavirus word toenemend immuun teen die teenmiddels en malaria is nou 'n gevaar dwarsdeur die jaar. Vanweë die toename van internasionale toeriste uit lande soos Ierland, Nederland en Duitsland neem hitte-uitputting en sonbrandvoorvalle drasties toe.

xxxv Daar is meestal swart vroue as arbeiders in toerisme betrokke, wat werk as skoonmakers en kelnerinne, wat ook nagskofte behels. Gevolglik word hulle uit hulle families geneem. Hulle verdien ook meer geld as hulle mans, wat tot ontwrigting in die gesinsstruktuur lei.

xxxvi Dit is meerendeels swart vrouens wat die kursus in toerisme by die Phalaborwa Kollege loop en verder is dit steeds swart vroue wat dominant as arbeiders in toerisme werksaam is. Hierdie vroue kom ook meestal uit die landelike gebiede waar stamwaardes domineer en gevolglik lei die vroue se werksure, salarisse en bevryding tot gesins- en stamstruktuurontwrigting.

xxxvii Migrasie na Groter Phalaborwa vind by gespesialsieerde werkers uit die stede en selfs oorsee, asook ongeskoolde werkers van die meer afgeleë landelike gebiede rondom Groter Phalaborwa plaas. Sodra die werkers genoegsame ondervinding opgebou het, verlaat hulle Groter Phalaborwa, vir beter werk in die toerismebedryf in groter sentra.

xxxviii Die oorname van die groter akkommodasie-fasiliteite deur internasionale maatskappye het daartoe gelei dat baie plaaslike werkers deur gespesialiseerde werkers uit die buiteland vervang is. Die afgelegde werkers migreer na ander toeristebestemmings in die Limpopo Provinsie.

xxxix Daar vind geringe interkulturele kommunikasie plaas, want toeriste word in hul enklawes deur die bedryfseienaars en –werkers onthaal. Toeriste en die plaaslike gemeenskap meng bloot toevallig en kommunikeer dan ook nie werklik nie, vanweë onder andere taalverskille.

xl Die toerismesentrum en landelike toere wat tans aangebied word bied verhoogde geleenthede vir kommunikasie.

xli Geen kenmerkende kunsprodukte en handwerk word nog in die gebied vervaardig nie. Daar word by ander kulture en tradisies geleen in die vervaardiging van kleipotte, houtbeelde en dies meer. Daar is sprake van 'n 'BaPhalaborwa patroon', maar die oorsprong daarvan is te bevraagteken. Etniese danse word as vermaak aangebied word, asook moderne kore met 'n Afrika-inslag.

xlii Die daarstel van die toerismesentrum het die sogenaamde 'BaPhalaborwa patroon' in die versierings inkorpereer en bied verskeie handwerk en kultuurartikels in verkommersialiseerde vorm te koop aan.

xliii Die verskillende etniese groepe kry die geleentheid om te gaan delf na hulle tradisionele kuns, handwerk, literatuur, dans, musiek, drama, rituele, voedsel en gebruike, om dit te laat herleef deur dit tot haalbare en trotse produkte te omskep.

xliv Die toerismesentrum is gevestig, met baie groepe wat die geleentheid benut om hul kultuurprodukte bekend te stel en ekonomies daaruit te baat.

xlv Die projek van Bapta, wie se bestuur oorwegend blank is, om die landelike gemeenskappe te betrek deur taxibestuurders as toergidse op te lei, wat dan toeriste op 'n toerismeroete deur die landelike gemeenskappe te neem, kan as die daarstel van 'menslike dieretuine', maar ook as neo-apartheid beskryf word.

xlvi Die Duitse nie-regeringsorganisasie Leka Gape en die Hollandse Lodgeeienaars van Sefapane bied toere vir toeriste deur die landelike gebiede aan, waar hulle foto's van die haaglike omstandighede neem, met die gevolg dat die effek van 'n 'menslike dieretuin' geskep word.

xlvii Daar bestaan heilige plekke by die twee koppies Kgopolwe en Sealene, maar toeriste mag dit in ieder geval nie besoek nie.

xlviii Buiten die Rastafariergeneemskap in Namakgale wat beperkte toeristebesoeke kry, word religie nie beïnvloed nie.

xlix Engels is die standaardtaal in Groter Phalaborwa.

l Engels bly steeds die kommunikasietaal tussen toeriste en die plaaslike gemeenskap.

li Plaaslike voedsel soos mopaniwurms en -bier of wildbobotie-en-geelrys, word nie by enige restaurant of toeriste-fasiliteit aangebied nie. Talle internasionale restaurante word aangetref, soos KFC. Dit word sterk deur die gemeenskap ondersteun word.

lii Distell het die Amarula-Lapa ontwikkel waar Amarula en ander marulaprodukte aan toeriste bekend gestel word. Die tender vir die Coffee Shoppe by die toerismesentrum vereis ook dat tradisionele voedsel voorgesit moet word.

liii Semi-tradisionele drag word nog net tydens die opvoerding van stamdanse gedra. Die Shangaan-vroue dra egter nog hul semi-tradisionele drag op sekere dae, maar die res dra internasionale modes.

liv Tradisionele drag word al hoe minder deur die plaaslike gemeenskap gedra, met internasionale modes wat dit vervang. Toeriste verkies steeds die tipiese koloniale khakidrag as hulle Groter Phalaborwa besoek.

lv Die uitkap en optel van hout vir vleisbraai is gestaak in die Nasionale Krugerwildtuin, wat 'n goeie bewaringstap is. Daar is 'n grootskaalse ontbossing in die landelike gebiede van Groter Phalaborwa, waar hout opgetel of afgekap word en gevolglik aan die toerisme-fasiliteite in Phalaborwa en die Nasionale Krugerwildtuin verkoop. Die 'Werk vir Water'-projek gaan begin om uitheemse plantegroei uit Groter Phalaborwa te verwyder, wat voordelig sal wees vir die inheemse plantegroei wat tans verdring word.

lvi Ontbossing in die landelike gebied het sodanig plaasgevind dat baie dele semiwoestynlandskap-eienskappe toon. 'Werk vir Water' het alle uitheemse plante suksesvol verwyder.

lvi Daar word baie diere gejag in die plaasgedeeltes van Groter Phalaborwa. Baie van hierdie diere is afkomstig uit die Nasionale Krugerwildtuin of word spesiaal gekoop of geteel vir jagdoeleindes. Daar word konsentreer op trofeejag wat 'n nadelige invloed het op die gene wat oorgedra word, wat weer die oorlewing van die spesie benadeel. Die diere word ook toenemend

aggresief en dit kan lei tot aanvalle en die dood van mense en kleiner dierspesies. Die uitdunning van wild, veral olifante, is 'n baie kontroversiële kwessie wat die Nasionale Krugerwildtuin nog nie opgelos het nie. Insekdoders word mildelik gebruik om toeriste teen die dodelike muskiet te beskerm, maar baie nuttige en nie-skadelike tipes vrek ook gevolglik. Hierdie insekte word deur voëls en diere geëet wat ook sterf of siek word en so beweeg die gif die voedselketting op. Die voer van wilde diere is nie net in die Nasionale Krugerwildtuin 'n probleem nie, maar in Phalaborwa moes die Parke-afdeling al talle bobbejane skiet wat gevaarlik word as gevolg daarvan. Hierdie bobbejaantrop woon op Kgopolwe-koppie en word deur van die omliggende inwoners gevoer. Die bobbejane het al talle troeteldiere gedood, 'n kind aangeval en verwoesting in baie huise gesaai.

lviii Dierelewe neem toenemend die gebied binne en beide inwoners en toeriste is al deur bv. leeus, olifante, bobbejane en seekoeie aangeval. Talle teelprogramme vir buffels en hartbeeste is in die gebied gevestig wat jagplase vervang het. Insekdoders bly steeds toenemend 'n probleem en DDT word weer benut in 'n teen-malariaveldtog.

lix Daar is talle koppies in die gebied wat klimplekke bied, maar dit word egter nog nie in massa gebruik nie. Die enorme erosieprobleme is te wyte aan bestaansboerdery en nie toerisme nie.

lx Daar is steeds geen wesentlike invloed van toerisme op die geologie nie. In 2000 het grootskaalse vloede baie erosie veroorsaak, wat eerder toerisme negatief beïnvloed as andersom.

lxi Die toerisme-aktiwiteite maak nie regtig van enige waterbronne gebruik nie, maar toenemende toeriste kan 'n langdurige impak op die rioolsuiweringswerke hê wat sal dan moet uitbrei. Buiten die vlot van Jumbo River Safari's is daar ook geen ander benutting van die rivier nie.

lxii Talle ontwikkelings het ontstaan wat van septiese tenks gebruik maak, wat ondergrondse water kan besoedel. Drie vlotte is tans op die Olifantsrivier, waarvan die invloed nie meer as die mynbesoedeling is nie.

lxiii Die myne bly te blameer vir die hoë mate van lugbesoedeling wat in Groter Phalaborwa ondervind word.

lxiv Toerisme se bydrae tot lugbesoedeling bly beperk tot braaivleisvure en uitlaatgasse van voertuie.

lxv Aangesien die meeste toeriste Groter Phalaborwa besoek vir ekotoerisme, is dit eerder die toeriste wat kla omdat die plaaslike gemeenskap raas, as andersom.

lxvi Toeriste bly steeds eerder die slagoffers van geraas as die oorsaak daarvan.

lxvii Die tradisionele boustyle van die landelike gemeenskap is klein hutte en grasdak, maar dit word toenemend met sementsteen- en sinkdakstrukture vervang. Die Lodge's en B&B's lyk almal dieselfde – dieselfde grasdak en diervel motief. Alhoewel dit inderdaad in die omgewing tuishoort, raak dit eentonig. Hulle kan wel die inheemse kenmerke gebruik, maar hulle kan gerus iets meer kreatiefs daarmee uitrig. Toerisme plaas reeds 'n ekstra lading op veral Phalaborwa se infra- en suprastruktuur, waar hierdie geriewe slegs vir die plaaslike bevolking en vir die myne se leeftyd ontwerp en voorsien is en nie bedoel om die ekstra lading, wat deur toeriste veroorsaak word, te hanteer nie. Daar is talle hersoneringsaansoeke in Phalaborwa wat residensiële- en besigheidserwe, wil omskep vir toerismegebruik, terwyl daar erwe wat gesoneer is vir toerisme vakant lê, vanweë die ontwikkelingskoste daarvan, asook die tekort aan massa-infrastruktuur.

lxviii Die nuwe toerismefasiliteite bly binne die konteks van tipiese Lodge-in-Afrika-ontwerp, wat ook tans mode is. Die toerismesentrum is met moderne boumateriaal gebou, maar is met die sg. BaPhalaborwa Patroon versier.
In Mei 2002 het die BaPhalaborwa Munisipaliteit die voorgestelde Toerismekorridor aangeneem, wat aan die vereistes van 'n toerisme-sone soos in die voorstelle van die 1999-verslag voldoen.